
# Ene ore vir skone kunste



**Die eerste besoeker by die eerste uitstalling van die Kameraadskap-kunsprojek, wat van 25 tot 27 Mei in Nieu-Bethesda plaasgevind het, was ene Meisie, wat ene ore was.**
**Vir dié eerste projek van sy soort is kunstenaars van die Karoo en omliggende platteland genooi om kunswerke met die tema "kameraadskap" in te skryf. Die 20 topkunswerke word vervolgens op vyf feeste uitgestal: die Karooskrywersfees, wat vandeesweek begin (15 tot 18 Junie in Cradock); dan die Wildsfees (23 en 24 Junie in Victoria-Wes); die Vrystaat Kunstefees (11 tot 15 Julie in Bloemfontein); die Veldblommeskou (25 Augustus tot 3 September in Clanwilliam); en die Kalahari Kuierfees (28 tot 30 September in Upington). Besoek die Facebook-blad Ons Karoo en Kontrei vir meer inligting.** FOTO: FACEBOOK/ONS KAROO EN KONTREI

## Hoofartikel

# Deel kennis en help 'n bejaarde

**Met Wêreldbewustheidsdag oor Bejaardemishandeling wat Donderdag (15/06) plaasvind, kan die deel van kennis dalk net help om 'n bejaarde uit 'n verknorsing te red.**

Alle bejaardes moet kennis daarvan dra dat dit onwettig is, en 'n kriminele oortreding, wanneer enigeen of 'n onderneming jou aansê om jou identiteitskaart of -boekie, of bank- of Sassa-kaart, met geheime kode, by hulle as "waarborg" te los.

Sulke gedrag en versoeke, sê die Nasionale Kredietreguleerder, moet by die polisie aangemeld word omdat dit 'n oortreding van die nasionale kredietwet is.

Dit kom nadat talle winkeliers verlede week deur die polisie in klein dorpies oor die Noord-Kaap heen in hegtenis geneem is.

Hul oortreding is om identiteitskaarte of -boekies, of bank- of Sassa-kaarte, van die regmatige houer weg te neem om as "waarborg" te hou – vir onder meer geld wat geleen is, of aankope wat gedoen is of gedoen moet word.

Dié winkeliers is na alle waarskynlikheid slegs enkeles van vele wat hulself op dié manier aan die oortreding van die nasionale kredietwet skuldig maak – en hulself verryk en hulpbehoewendes nog armer maak.

Met die bank- en Sassa-kaart in hul besit hou hulle die hef in die hand, en omdat die regmatige houer daarvan gewoonlik geen ander bankkaart het nie, word hulle gedwing om broodnodige kruideniersware by dié winkeliers teen waarskynlik buitensporige pryse te koop; of om kontant te verkry.

Volgens die polisie word buitensporige heffings glo by transaksies gevoeg.

In gevalle word geld boonop by die winkeliers geleen, wat die lener in 'n nog groter verknorsing plaas.

'n Groot deel van die lydende party is waarskynlik plattelandse bejaardes wat weens moontlike onkunde in die strik trap.

Deel die kennis, want kennis bly mag. Al is jy bejaard.

## Little gem

### kakistocracy

Noun derived from the Greek words kakistos ("worst") and kratos ("rule"); around 1829

**Government run by the worst elements of a society.**

- Its usage peaked around 1853, and gained momentum in 2019, states etymonline.com.

– **Source: Merriam-Webster**

**Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as 'n e-publikasie by streeksnuus. netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.**

CENTRAAL24

NOORDKAAP BULLETIN

**REDAKTEUR / EDITOR**
Helena Barnard helena.barnard@media24.com
**MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER**
Charné Kemp charne.kemp.writer@gmail.com
**ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS**
Natasha Ingram natasha.ingram@media24.com 082 567 3883
**BETREKKINGS / VACANCIES**
Noleen Petersen noleen.petersen@media24.com 051 404 7813
**REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES**
noordkaapbulletinlegals@media24.com 051 404 7600
**GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS**
noordkaapbulletinadverts@media24.com 051 404 7600

**OMBUDSMAN**
Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com. Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).



Press Council FAIR
NoordkaapBulletin proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media, which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011-484-3612.

## Twyfelhoekie

# Let op, laat mooi mismoed verjaag

HANNES NOËTH

**'n Mens kan maklik gegooi word met die lelik en die swaar van elke dag.**

Daar is genoeg nuus wat 'n mens gewoon mismoedig kan maak.

Dit is geen wonder dat ons soms so vasgedruk voel deur die eise van die tyd nie.

Juis daarom is dit nodig om deeglik op te let hoeveel mooi daar wel rondom ons is.

Elke dag wanneer jy wakker word, het jy die vreugde van 'n nuwe dag.

En as jy mooi oplet, is daar mooi oral om jou heen.

Daar is mooi in die blomme langs die pad. Ja, ook in die herfsblaar en ook in die winterryp.

Daar is mooi in die mense wat oor jou pad gestuur word, en daar is mooi in die dagtaak wat vir jou voorlê.

Sodra 'n mens begin oplet, kom 'n mens agter: Ongeag alles wat 'n mens wil oorweldig, is daar ook baie dinge wat vorentoe gaan.

Daar is mense met wie jy kan saamwerk en dit wat sleg is, mooi maak.

Mooi wat swaar verdring.

Soet wat saam met suur kom.

Daar is wel 'n voorwaarde hieraan – 'n mens moet eerstens leer om die mooi te sien.

'n Mens moet leer om 'n bietjie stil te staan. Om op te let.

As jy nie 'n oomblik stilstaan en die mooi soek nie, gaan dit by jou verbysnel.

Soek die mooi.

Let op – dit is daar!

Oral om jou heen.

Die fout wat ons almal maak…

Ons laat toe dat donker ons oorweldig.

Moenie, soek die mooi.

Sodra jy dit regkry, lyk en voel die lewe sommer beter.

## Potpourri

# 'Beplan jou skedule'

KARIN MULLER

**"Plan your schedule accordingly," kom die opdrag van Eskom.**

En die meeste mense gee gehoor daaraan. Totdat jy, die tweede keer in 'n baie kort tyd, jouself sonder elektrisiteit betrap terwyl jy beskuit bak.

Jy beloer die koopkragmeter. Stilte. Dit wys nie 0.00 nie, so daar is genoeg koopkrag. Dit is net dood.

Jy beloer die kragboksie. Dalk het 'n skakelaar sy eie vorm van intelligensie gebruik om homself af te sit. Nee, ook nie. Alles is aan.

Terselfdertyd is alles af.

Jy stap terug kombuis toe en neem jou selfoon in jou hand. Jy wag vir enige boodskap van enige aard wat gaan aandui wat fout is. Jy het 'n idee wat fout is. Wat jy wel wil weet, is hoe lank dit gaan neem om dit reg te stel.

Die geluid van kragopwekkers wat aangeskakel word, bevestig jou ergste vermoede.

Jy beloer die Eskom-skedule. Geen beurtkrag nie. Immers nie nou nie.

Dit is waarom jy karringmelk en botter gaan koop het. Dit is waarom die oond sopas sy temperatuur bereik het. Omdat iemand laat weet het dat daar vandag, op hierdie datum en op hierdie tyd in hierdie buurt, elektrisiteit sal wees.

En nou is daar nie.

Die boodskappe kom deur. Verskeie omgewings sit sonder elektrisiteit. Onverwags. Heeltemal onverwags.

Geen mens sou dit kon voorsien nie.

Ons pas ons beplanning aan soos wat daar gevra word.

Maar Eskom, wat van jul beplanning?

## Lewende water

# Dié vriendskap tel

DS. KOBUS VAN TONDER

**"Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê. Julle is my vriende..." sê Jesus vir sy dissipels (Joh. 15:13-14).**

Die Griekse filosoof Aristoteles was oortuig dat vriendskap net tussen gelykes kan bestaan. Daarom was "vriendskap met die gode" vir hom nie moontlik nie.

In Jesus se tyd was die opvatting radikaal anders, maar dit is ook vir ons 'n vreemde gedagte. Ons sing: "Wat 'n Vriend het ons in Jesus," en tog is ons versigtig om nie te familiêr met God te raak nie.

Daar is verskeie titels waarmee Jesus in die Nuwe Testament beskryf word: Leermeester, Here, Messias, Christus. Titels skep op 'n manier afstand. Tog, hoor wat sê Jesus: "Ek noem julle nie meer ondergeskiktes nie. Nee, Ek noem julle vriende (Joh. 15:15).

Hy behandel ons as gelykes. Hoewel 'n mens groot respek vir 'n vriend het, kyk jy nie op na 'n vriend nie, jy kyk hom in die oë.

Ons plaas almal 'n hoë premie op vriendskap, en tog verwaarloos ons soms vriendskappe. Wat binne ons vriendekringe gebeur, gebeur ook in ons persoonlike verhouding met Jesus Christus.

Dit gebeur nie altyd doelbewus nie. Ons hou op om oor Hom te dink; neem Hom nie op ons lewenspad mee nie; bly nie met hom in gesprek nie; soek nie meer sy Woord op nie. Ons is nog lid van die kerk, leef min of meer respektabel, maar die noue verbondenheid, die persoonlike omgang van 'n vriendskapsverhouding, is nie daar nie.

Daarom die dringende oproep van Joh. 15: "Bly in my".

Ons sing: "Wat 'n vriend het ons in Jesus," maar is Hy nog ons vriend?